

Om die Gees te bedroef en te weerstaan



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 7:51; Hebreërs 10:24, 25; Efesiërs 4:25-5:2; 1 Tessalonisense 5:19-21; Markus 3:28, 29.

Geheeteks:

“En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing” (*Efesiërs 4:30*).

Die Heilige Gees het die besondere vermoë om sondaars te lei tot die besef van hulle ware sondige aard. Hy wek ook in ons die begeerte om Jesus en sy vergifnis van ons sondes te aanvaar. Die Heilige Gees beskik oor 'n ongeëwenaarde krag om ons in staat te stel om ons sonde te oorkom, en ons in staat te stel om die wonderlike karakter van Jesus te weerspieël. Terselfdertyd kan hierdie kragtige en magtige Heilige Gees deur swak sondaars teengestaan word. Hy dring nie Homself aan ons op nie. Sonde is aanloklik, en baie uitlokkend. En tog is dit hoogs misleidend en lei dit tot die dood. Dit staan lynreg teenoor teenoor God en sy suiwer heiligheid en goedheid. Om hierdie goddelike heiligheid te weerspieël, is die Heilige Gees gekant teen sonde in enige vorm, en Hy is bedroef wanneer ons sondig en wanneer ons onwillig is om dit op te gee. So magtig as wat die Heilige Gees is, kan sy positiewe invloed geblus word, en kan ons Hom weerstaan wanneer ons op ons sondige weë voortgaan. Die evangelies meld selfs dat daar een sonde is wat nie vergewe kan word nie: lastering teen die Gees (*Matt. 12:31, 32*).

Hierdie week bestudeer ons die bybelse aspekte wat daarmee te make het as ons die Heilige Gees bedroef, weerstaan, en met die sonde wat nooit vergewe sal word nie.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 18 Maart.*

Weerstand teen die Heilige Gees

Lees Handeling 7:51. Watter waarskuwing is hier gegee, en hoe is dit vandag in ons lewens van toepassing?

Daar is 'n aantal sondes wat spesifiek in die Skrif genoem word as sonde teen die Heilige Gees. Baie van hierdie sonde is op individuele vlak. Maar daar is ook 'n korporatiewe dimensie betrokke, soos ons kan aflei uit Handeling 7:51. Stefanus wys daarop dat sy aanklaers hardnekkig (hardkoppig - AFR83) is, net soos die opstandige Israeliete toe hulle die goue kalf aanbid het (*Eksodus 33:3*). Hulle het die Heilige Gees weerstaan aangesien hulle geweier het om te luister na wat Hy op hulle harte wou druk deur die profete van God. Hierdie patroon van teenstand teenoor God en sy plan het uiteindelik daartoe gelei dat sommige die aansprake van die Here Jesus Christus verwerp het. In stede daarvan om Jesus te volg, het hulle besluit om uiterlike aanbidding in die plek van gehoorsaamheid aan die lewende Woord van God te plaas. Dit is 'n wonderlike gedagte dat brose mense, wat deur God geskape is en van Hom afhanklik is, in staat daartoe is om die werk van die Heilige Gees te weerstaan, en so ook uiteindelik die genade van God. So magtig as wat God is, dwing Hy nie Homself op ons vrye wil af nie, Hy respekteer ons keuses.

Trouens, indien God Homself op ons wou afdwing om aan Hom gehoorsaam te wees, waarom het Hy dit nie reeds in Eden met Adam en Eva gedoen nie? Sodoende kon Hy die wêreld gespaar het van die groot krisis van sonde. God het ons vrye wesens gemaak, en ons het die mag om morele keuse uit te oefen, vir lewe of dood, vir goed of sleg. Wat 'n heilige – en kosbare – gawe is elkeen van ons nie gegee nie? Alhoewel elkeen verantwoordelik is vir sy of haar eie besluite, het ons ook 'n korporatiewe verantwoordelikheid: ons behoort mekaar aan te moedig om getrou te wees, om gehoorsaam aan God se Woord te bly, en om naby aan Jesus te leef (*Heb. 10:24, 25*). Ons weerstaan die Heilige Gees vandag wanneer ons die Woord van God teenstaan, en wanneer ons nie ag slaan op die boodskappe van sy profete nie. Dis vandag maklik om terug te kyk na ou Israel en hulle te oordeel en te kritiseer vir al hulle foute. Maar wat van ons eie swak keuses? Hoe sou jy voel indien alles in die openbaar bekend gemaak sou word, net soos die foute van ou Israel?

Op watter wyses kan ons ander help in “liefde en goeie werke”? Wat is jou verantwoordelikheid om “liefde en goeie werke” in ander te koester?

Om die Heilige Gees te bedroef: deel 1

Lees Efesiërs 4:30. Hier gebruik Paulus 'n bevel en vermaan ons om nie die Heilige Gees te bedroef nie. Wat beteken dit om die Heilige Gees te bedroef?

Die Heilige Gees is ook 'n persoonlike wese, nie slegs 'n goddelike krag nie. Daarom kan Hy bedroef word. Maar hoe bedroef ons die Heilige Gees? Dalk moet ons dit in gedagte hou dat een van die Heilige Gees se take is om ons oë te open vir sonde (*John. 16:8*). Hy lei ons na Jesus, wat ons sondes vergewe en ons heilig maak. Trouens, God se Gees word "heilig" genoem. Dit beteken Hy haat sonde. Maar Hy verheug Hom wanneer ons gehoorsaam aan God in alle dinge is, en slegs dit bedink en praat wat rein en heilig is. Maar aan die ander kant beteken dit ook dat Hy bedroef word wanneer ons enigiets koester wat onwaardig is van ons goddelike roeping. Enige poging van ons kant om vas te hou aan sonde, of die erns van sonde te probeer verminder, bedroef Hom. Om die Heilige Gees te bedroef, is 'n ernstige saak.

Die konteks van Paulus se stelling in Efesiërs 4:30 oor die Heilige gees wat bedroef word, handel oor die leefwyse wat mens gelei het voordat jy deur Christus bekeer is, en wat ná daardie bekering gevolg het. As nuwe skepsels in Christus behoort ons geduldig en sag met mekaar te wees, en mekaar in liefde te verdra, en om pligsgetrou die eenheid van die Gees deur die band van die vrede te bewaar (*Efe. 4:2, 3*). Om deur die Gees vernuwe te word (*Efe. 4:23*), volg ons nou vir Christus, ons nuwe hoof (*Efe. 4:15*) en sodoende wandel ons nie meer in die verdwaasdheid van ons gedagtes, soos die heidene nie (*Efe. 4:17*). Ons leef eerder volkome volgens die wil van God (*Efe. 4:24-31*).

Wanneer ons ook al enige van die negatiewe dinge, hierbo genoem in hoofstuk 4, in ons harte toelaat, en wanneer hulle houvas kry in ons woorde en daade, dan is die Gees hartseer en bedroef. Om die Heilige Gees te bedroef, beteken om sy heiligmakende teenwoordigheid en lewensveranderende krag te versmaai, omdat ons aanhou om moedswillig te sondig.

Die Heilige Gees is nie onverskillig in hoe ons lewe nie. Lees Efesiërs 4:25-31, en maak n lys van die spesifieke morele optredes wat die Heilige Gees bedroef. Waarom word die Heilige Gees deur hierdie dinge bedroef?

Om die Heilige Gees te bedroef: deel 2

Dat die Heilige Gees bedroef kan raak, vertel vir ons dat God nie onverskillig teenoor ons staan en in dit wat ons doen nie. God word geraak deur ons besluite en die wyse waarop ons lewe.

Lees Efesiërs 4:25-5:2. Wat word ons hier vertel, en hoe verskillend sou ons lewens wees indien ons hierdie bybelse beginsels navolg?

In positiewe terme: ons verbly die Heilige Gees wanneer ons die waarheid in liefde spreek; wanneer ons kwaad raak vir die sonde, maar nie sondig in ons woede nie; wanneer ons met ons eie hande werk, en die produk van ons arbeid gebruik om goed te doen aan die armes; wanneer ons op 'n stigtelik wyse praat en genade aan ons hoorders betoon; wanneer ons vriendelik, tederhartig, en vergewensgesind is. Indien ons daarop aanspraak maak dat ons Christene is, maar ons leef nog asof Christus nooit gekom het en ons lewens nie deur sy leiding en liefde aangeraak is nie, dan bedroef ons die Heilige Gees. Wanneer ons bely dat ons in die Waarheid glo, maar ons gedrag en optrede bewys die teenoorgestelde, bedroef ons die Heilige Gees. 'n Gebrek aan morele integriteit bedroef ook die Gees. Ons pogings om uit te reik, moet nie verwyderd staan van ons etiese optredes nie. Indien ons so lewe dat ander besef dat ons waarlik sy kinders is en Hom weerspieël, bring ons vreugde in die hart van God.

Lees Efesiërs 4:3, 4, 15, 16, 32. Wat openbaar hierdie teksverse oor die gesamentlike aspekte (groepsgees) om in die Gees te leef? Hoe word 'n geesvervulde lewe geopenbaar in die gemeenskap met ander gelowiges?

Dis interessant dat daar in Efesiërs 4 ook 'n spesifieke gemeenskaps-aspek genoem word. Die idee van eenheid word verskeie kere genoem. Paulus is besorg daarvoor dat ons die eenheid van die Gees moet bewaar, omdat ons die lewe van God in die konteks van "teenoor mekaar" lei (*Efe. 4:32*). In watter verhouding staan ons teenoor mekaar in die kerk ten opsigte van die "ernstige strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van vrede" (*Efe. 4:3*). Dis 'n belangrike deel daarvan om nie die Gees te bedroef nie. Die wyse waarop ons mekaar in die kerk behandel, wat 'n tempel van die Heilige Gees is (*1 Kor. 3:16, 17*), maak werklik saak vir God. Hoe ons mekaar ag in die liggaam van Christus is van kardinale belang vir God se Gees.

Dis goed om die waarheid te ken, ook die drie engeleboodskap (*Op. 14:6-12*), maar vra jouself hierdie vraag af: Hoe behandel jy ander mense, veral diegene wat "onder" jou is, of diegene wat niks vir jou kan doen of beteken nie? Met ander woorde, hulle wat niks in ruil vir jou te bied het nie.

Blus die Heilige Gees

Lees 1 Tessalonisense 5:19-21. Hoe kan die Heilige Gees geblus word?

Die woord “blus” suggereer iets van ‘n vuur. Dieselfde Griekse stamwoord word in 1 Tessalonisense 5:19 en Efesiërs 6:16 gebruik. Dit veronderstel dat iets van die Heilige Gees soos ‘n vuur of vlamme is wat ons kan uitblus. Ons moet onthou dat die Heilige Gees twee kenmerkende dinge vir ons doen: Hy bied ons die kennis van sonde, en Hy gee ons die krag om sonde te oorkom. Beide staan in verband met heiligmaking. Deur die Woord van God vertel die Gees ons wat ons nodig het om ‘n heilige lewe te lei, en deur die Gees se influisterende krag bemagtig Hy ons om ons lewens te verander volgens hierdie kennis. Een wyse waarop ons dit kan verhoed om die Gees te blus, is deur nie “die profesieë” te verag nie (1 Tess. 5:20). Paulus beveel die gelowiges in Tessalonisense om nie profetiese uitsprake te “geringskat” nie (AFR83), en tog maak hy ‘n oproep op hulle onderskeidingsvermoë (1 Tess. 5:21). Alhoewel ons oop moet wees vir die Gees in ons gemeentelike lewe, en nie die werk van die Heilige Gees moet blus nie, moet ons eger ook ‘n onderskeid kan tref tussen valse profete wat sal aanhou om die kerk te teister.

Nie alle geeste is goedhartig nie. Die Gees-geïnspireerde Woord van God is eger ‘n lamp vir ons voet en ‘n lig op ons pad (Ps. 119:105). Aan hierdie standaard moet ons selfs nuwe profetiese uitsprake beoordeel. In bybelse tye het hierdie lampe ‘n brandende pit gehad wat lig uitgestraal het voor die voete van diegene wat in die nag moes loop. Die Bybel vertel vir ons hoe om “deur die Gees” te wandel (Gal. 5:25). Ons doen dit deur onself aan die leringe van die Woord van God te onderwerp en gehoorsaam te wees aan die influistering van die Heilige Gees as Hy die wyse aandui waarop ons behoort te leef. Baie wat daarop aanspraak maak dat hulle die Bybel as die Woord van God glo, interpreteer dit op allerhande wyses wat dit eintlik ontnem van enige opregte gesag, en wat hulle dus beroof van enige werklike krag in hulle lewens. Selfs wanneer ons die woord van God verag en dit sonder respek behandel, of nalaat om dit op onself van toepassing te maak, blus ons hierdie lampie uit wat gegee is om ons op ons weg te begelei en ons gewetes tot goeie werke aan te vuur.

Lees 1 Tessalonisense 4:7, 8. Wat beteken dit om “tot heiligmaking” geroep te wees (“om heilig te lewe” - AFR83)? Op watter terreine in jou lewe moet jy jouself afvra of jy inderdaad “in heiligheid” lewe?

Lastering teen die Heilige Gees

Lees Markus 3:28, 29; Lukas 12:10; en Matteus 12:31, 32. As alle sondes en lasteringe vergewe kan word, wat is dit dan wat nie vergewe kan word nie?

Dalk het geen ander sonde meer onsekerheid of groter angstigheid tweegebring onder Christene nie, as die lastering teen die Heilige Gees nie en is dit totaal misverstaan. Sommige reken dalk dat Jesus sekere sondes in gedagte het wat veral ernstig is. Ons moet ons egter aanhoudend daar herinner dat alle sondes vir God afstootlik is, al het sommige sondes ook meer drastiese gevolge as ander. Maar wat het Jesus bedoel toe Hy gepraat het van die onvergeeflike sonde? Eintlik sê nie een van hierdie verse dat hierdie sonde nie vergewe kan word nie; behalwe dat dit nie vergewe sal word nie. Ons moet onthou: die werk van die Heilige Gees is om sondaars te lei tot 'n bewustheid van hulle sonde en om 'n begeerte in hulle aan te wakker om Jesus te aanvaar, want alleen Hy kan sondes vergewe. Lastering teen die Heilige Gees moet daarom verstaan word as die opsetlike en aanhoudende miskenning van Jesus se verlossingswerk. Dit gebeur wanneer 'n individu moedswillig en hardnekkig die Gees se getuienis van Christus en sy verlossing en genade teenstaan.

Jesus praat nie van iemand wat 'n paar lelike woorde uiter nie. Lastering teen die Heilige Gees word gepleeg slegs in die konteks van 'n sekere houding of aanhoudende ongelooft en openlike vyandigheid teenoor Jesus. Om die Heilige Gees te (be-)laster is nie 'n enkele episode nie; dit is 'n bepaalde manier van leef. "In die plek waar hulle die getuienis moes ontvang, in die plek waar hulle Christus se versoeningswerk in die hemel moes erken, het hulle vasgehou aan hulle bose werke, en gesê: Hy het hierdie wonderlike werk verwerp deur die duiwel. Dit was die sonde teen die Heilige Gees."—Ellen G. White, *Loma Linda Messages*, p. 156 (vry vertaal). Wanneer die menslike hart verhard is in hardnekkige teenstand teen God, en bewustelik weier om aan Jesus die eer te gee, is die hart so verhard dat dit faal om die waarheid van die Heilige Gees se getuienis tot God se verlossingswerk in Jesus Christus te erken. Hierdie sonde strek verby die moontlikheid van vergifnis, nie omdat God kragteloos of onwillig is nie, maar omdat die persoon nie in staat is om sy/haar sonde raak te sien nie. Daarom aanvaar hy of sy nie vergifnis deur Jesus nie. Hierdie gesindheid, natuurlik, het ewige gevolge.

Hoe kan ons seker wees, ongeag wat ons oor onself verklaar, dat ons nie in opposisie met God leef en die Heilige Gees teenstaan nie? (Lees as voorbeeld: 1 Johannes 5:3 en Rom. 8:14.)

Verdere leeswerk:

Die blote feit dat mense angstig vra of hulle die onvergeefbare sonde gepleeg het, openbaar dat hulle beslis nie het nie. Indien hulle dit wel gepleeg het, sal hulle sekerlik nie daarvoor bekommerd wees nie. Hulle bekommernis is genoegsame getuienis dat hulle nog steeds ontvanklik is vir die Gees se leiding. Wat die persoon moet doen, is om die geregtigheid van Jesus te aanvaar, en op Jesus se verdienste staat te maak. Gaan dan voort in geloof en gehoorsaamheid. Slegs onder die beskerming van Christus se geregtigheid, wat die “geregtigheid van God” Self is (*Rom. 10:3*), kan hulle die vrede en versekering ervaar wat hulle nou so gebrekkig besit. Daar is in werklikheid net een persoon wat God nie kan vergewe nie, en dit is die persoon wat voortdurend weier om na Jesus te kom vir vergifnis. “Die sonde van lastering teen die Heilige Gees lê nie in enige skielike woord of daad nie; dit is die ferm, aanhoudende weerstand teen die waarheid en getuienis.”—Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 5, p. 1093 (vry vertaal). “Niemand hoef na die sonde teen die Heilige Gees te kyk as iets geheimsinnig en onverklaarbaar nie. Die sonde teen die Heilige Gees is die sonde van aanhoudende weiering om te reageer op die uitnodiging om tot bekering te kom.”—Bladsy 1093 (vry vertaal).

Vrae om te bespreek:

- 1. Indien iemand vir jou kom sê dat hulle die onvergeeflike sonde sou gepleeg het, wat sal jy aan hulle sê en watter teksverse sal jy gebruik om dit uit te klaar? Waarom is die begrip van verlossing deur genade alleen so belangrik om iemand te help wat dalk hopeloos verlore voel?**
- 2. Ons blus die Heilige Gees wanneer ons weier om op te tree of te praat soos Hy ons lei. Waar loop ons die gevaar om die Heilige Gees uit te blus? Is daar gebiede in ons lewens (indien enige) waar ons moontlik God se leiding weier, en hoe kan ons leer om die nodige oorgawe te maak?**
- 3. Soms laat God sekere omstandighede in ons lewe toe wat ons verafsku of nie verstaan nie. Dit was byvoorbeeld so met Job. Waarom kan so ‘n afkeurende gedagtegang die werk van die Heilige Gees in ons lewe demp? Hoe kan ons meer op God vertrou en ons lewens ten volle aan Hom oorgee, selfs in die moeilikste tye?**
- 4. Sommige voel beïnvloed deur wat hulle meen korrumperte invloede van die kerk is, so erg dat hulle geheel en al van die liggaam onttrek en hulle eie weg volg. Wat is verkeerd met hierdie idee, en waarom is dit nie die bybelse model vir ‘n Christen om te volg nie?**

